higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

(8021003)

17 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 13 bladsye.

128Q1N2317

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STRAFREG
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende word NIE as ’n bron van Suid-Afrikaanse strafreg beskou nie?

A Wetgewing of statute
B Hofuitsprake of regspresedent
C Gemenereg
D Sosiale reëls

1.2 Watter EEN van die volgende word NIE as ’n doelwit van strafreg beskou nie?

A Om ’n ordelike samelewing te skep en in stand te hou
B Om te bepaal wat misdaad is
C Om die gesag van die staat te versterk
D Om geskikte straf vir oortreders te bepaal

1.3 Watter EEN van die volgende is NIE ’n element wat teenwoordig moet wees om ’n misdaad te pleeg nie?

A ’n Handeling moet deur ’n mens uitgevoer word.
B Die handeling moet onregmatig wees.
C Die persoon wat die misdaad pleeg, moet daarvan bewus wees dat sy of haar handeling onregmatig is.
D Daar moes ’n kontrak tussen die partye bestaan het.

1.4 Watter EEN van die volgende is NIE ’n rede dat ’n oortreder gestraf word nie?

A Retribusie
B Wraak
C Voorkoming
D Afskrikking

1.5 Watter EEN van die volgende is NIE ’n vereiste waaraan ’n handeling moet voldoen om as ’n element van misdaad beskou te word nie?

A Die handeling kan in die vorm van ’n versuim of weglating wees.
B Die handeling moet deur ’n mens uitgevoer word.
C Die handeling moet teen ’n ander mens gerig wees.
D Die handeling moet vrywillig wees.

Kopiereg voorbehou

1.6 Optrede is slegs strafbaar wanneer dit onregmatig is. Watter van die volgende optrede word NIE as onregmatig beskou nie?

A Die optrede is onwettig.
B Die persoon het ’n regsverpligting gehad om op te tree maar hy of sy het nie opgetree nie.
C Daar was ’n geldige regverdigingsgrond vir die handeling.
D Toestemming is bekom om die misdaad van hoogverraad te pleeg.

1.7 Opset beteken dat ’n persoon ’n handeling uitvoer, wetende wat die gevolge van die handeling is, dat die handeling ’n misdaad is en dat die gevolge ook ’n misdaad uitmaak, maar in elk geval die handeling uitvoer.

Watter EEN van die volgende is NIE ’n vorm van opset nie?

A Oogmerkopset
B Opset by sekerheidsbewussyn
C Nalatigheid
D Voorwaardelike opset/Dolus eventualis

1.8 Watter EEN van die volgende is NIE ’n vereiste vir poging nie?

A Die persoon moes die opset gehad het om ’n misdaad te pleeg.
B Die persoon moes met ’n ander persoon ooreengekom het om die misdaad te pleeg.
C Die persoon moes die een of ander handeling uitgevoer het om sy of haar voorneme om die misdaad te pleeg, in werking te stel.
D Die misdaad moes nie afgehandel gewees het nie, maar moes begin het.

1.9 Watter EEN van die volgende is NIE ’n tipe poging nie?

A Beplande poging
B Onderbroke poging
C Vrywillige onttrekking
D Poging om die onmoontlike te doen

1.10 Watter EEN van die volgende is NIE ’n vereiste om aan sameswering skuldig bevind te word nie?

A Die partye moes hul standpunte aan mekaar oorgedra het.
B Die partye moes gesamentlik ’n ooreenkoms bereik het.
C Die partye moes die misdaad begin pleeg het, maar dit laat vaar het voordat dit afgehandel was.
D Die partye moes willens en wetens ooreengekom het om die misdaad te pleeg.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Norme is bindende reëls wat menslike gedrag, soos moraliteit, etiek, sosiale konvensies, etiket en gebruike, reguleer.

2.2 'n Wet is 'n reël of norm wat die een of ander vorm van straf tot gevolg sal hê indien dit oortree word.

2.3 Publiekreg is gemoeid met die verhouding tussen individue en privaatreg is gemoeid met die verhouding tussen die staat en die mense van daardie staat.

2.4 TWEE vorme van mens rea word volgens die reg erken: opset en nalatigheid.

2.5 Poging word gedefinieer as 'n ooreenkoms tussen verskillende persone om 'n misdaad te pleeg of om te help om 'n misdaad te pleeg of om die pleging van 'n misdaad te bewerkstellig.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die hoogste hof wat verband hou met strafregtelike en siviele sake wat nie in die Grondwet uiteengesit is nie	A	regspresedent
		B	onderbroke poging
3.2	X wil vir Y skiet. Hy skiet op Y maar hy skiet mis.	C	vrywillige onttrekking
		D	kettingsameswering (‘chain conspiracy’)
3.3	X wil vir Y doodmaak. Hy steek vir X waar hy op sy bed lê, onbewus dat X reeds ure tevore aan ’n hartaanval gesterf het.	E	Hoogste Hof van Appèl
		F	poging om die onmoontlike te doen
3.4	Die gevolg is teweeggebring deur die optrede en die optrede was die oorsaak van die resultaat.	G	voltooide poging
3.5	X wil by Y se huis inbreek. Hy is op die punt om ’n venster met ’n klip te breek, toe hy herbesin en wegstap.	H	veroorsaking
		I	sambreelspeeksameswering
3.6	A oortuig afsonderlik vir B, C en D om saam met hom ’n misdaad te pleeg. B, C en D is nie bewus van A se ooreenkoms met die ander twee nie.	J	stilswyende sameswering
		K	aanstigting
		L	Konstitusionele Hof
3.7	Vorige hofuitsprake	M	geregtelike jurisdiksie
3.8	X wil Y se huis afbrand. Hy gooi petrol onder die deur. Voordat hy die vuurhoutjie kan trek, word hy in hegtenis geneem.		
3.9	Om wederregtelik met ’n ander persoon te kommunikeer met die opset om hom of haar te beïnvloed om ’n misdaad te pleeg		
3.10	A stem in om saam met B ’n misdaad te pleeg. B werf daarna vir C om deel te neem. Daarna betrek C vir D.		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 ’n Persoon wat ’n misdaad saam met ’n ander persoon pleeg, staan bekend as ’n …

4.2 Die persoon in ’n groep oortreders wat die leidende rol speel om ’n misdaad te pleeg, staan bekend as ’n …

4.3 ’n Persoon wat iemand anders as ’n instrument gebruik om ’n misdaad te pleeg, staan bekend as ’n …

4.4 As ’n persoon probeer om ’n misdaad te pleeg maar dit slaag nie, kan die persoon skuldig wees aan ...

4.5 ’n Persoon wat ’n ander aanmoedig, uitlok of beveel om ’n misdaad te pleeg, is skuldig aan ...

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Terwyl konstabel Nyanda die aanhoudingselle geïnspekteer het tydens sy skof by die polisiekantoor, het hy gesien dat Siphiwe, wat in hegtenis geneem is vir bestuur onder die invloed van drank, besig was om in sy eie braaksel te verstik. Hy het hom geïgnoreer en gedink dat dit Siphiwe ’n les sou leer. Siphiwe het gesterf as gevolg van die verstikking.

5.1 Verduidelik onder watter TWEE voorwaardes versuime strafbaar is. (2)

5.2 Gee DRIE ander voorbeelde van situasies waar versuime strafbaar is. (3)

[5]

VRAAG 6

Lees die volgende uittreksel uit 'n artikel wat op 1 Junie 2022 deur GroundUp geplaas is en beantwoord die onderstaande vraag.

GroundUP

Noodweer vs moord: Konstitusionele Hof verwerp skuldigbevinding van man wat polisiebeampte doodgemaak het

1 Junie 2022

'n Man wat in 2019 tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is weens die moord op 'n polisiebeampte en poging tot moord op 'n ander polisiebeampte, is vrygelaat nadat die Konstitusionele Hof beslis het dat die regter wat hom skuldig bevind het, 'n regsdwaling begaan het.

Tuta het albei polisiebeamptes vroeg in Maart 2018 met 'n mes gesteek. Een het aan sy beserings beswyk en die ander is 34 weke lank gehospitaliseer en sy oog is ernstig beseer, wat sy sig aangetas het.

Gedurende die daaropvolgende verhoor in die Pretoria Hoë Hof het Tuta erken dat hy albei met 'n springmes gesteek het, maar hy het beweer dat hy nie geweet het dat hulle polisiebeamptes was nie. Hulle het met 'n motor sonder identifikasietekens gery en burgerlike klere gedra. Hy het gesê hulle het hom gejaag en hy het uit noodweer opgetree.

[Vertaal uit: *www.groundup.org.za/article/self-defence-vs-murder-concourt-overturns-conviction-man-who-killed-police-officer/*]

Regverdigingsgronde is gronde wat daartoe lei dat die wederregtelikheid van 'n handeling uitgesluit word.

Noem VYF sodanige regverdigingsgronde en gee EEN voorbeeld van elk. (5 + 5) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Lees die volgende uittreksel uit ’n artikel wat op 1 April 2022 in die *Mail & Guardian* verskyn het en beantwoord die vraag wat daarop volg:

Mail & Guardian

“Die duiwel is ’n leuenaar”: Bathabile Dlamini betaal vir meineed

Tunicia Phillips
1 April 2022

Dlamini, die voormalige minister van maatskaplike ontwikkeling, is vroeër in Maart skuldig bevind aan meineed. Sy het tydens ’n ondersoek na haar rol in die 2018 Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid- (Sassa-) debakel oor die betaling van toelaes onder eed gejok.

[Vertaal uit: *www.//mg.co.za/top-six/2022-04-01-the-devil-is-a-liar-bathabile-dlamini-pays-for-perjury/*]

Vergelyk die misdaad van gemeenregtelike meineed met die misdaad van dwarsboming van die regspleging deur na die elemente van hierdie twee misdade te verwys en EEN voorbeeld van elk te verskaf. **[10]**

VRAAG 8

Beantwoord die volgende kortvrae.

8.1 Onderskei tussen strafreg en siviele reg (privaatreg) en gee ’n voorbeeld van elk. (6)

8.2 Noem TWEE redes vir die verbod op aanstigting om ’n misdaad te pleeg. (2)
[8]

TOTAAL AFDELING B: 33

AFDELING C

VRAAG 9

Lees die volgende uittreksel uit ’n artikel wat op 2 Junie 2022 in die *Daily Maverick* gepubliseer is en beantwoord die onderstaande vrae.

Daily Maverick

Waarom Ramaphosa (skynbaar) oor die multimiljoendollar-diefstal op sy plaas stilgebly het

Ferial Haffajee

2 Junie 2022

..... Fraser se beëdigde verklaring het eerste aan die lig gebring dat ’n huishulp na bewering kop in een mus met misdadigers was wat die president se plaas betree het op die naweek wat hy in die Ethiopiese hoofstad was. Hy het kamerabeeldmateriaal voorgelê wat wys dat die rowers net ná 22:17 op een van die nagte wat Ramaphosa in Addis was deur ’n venster toegang tot die plaashuis gekry het. Sy huis is in Hyde Park, Johannesburg, maar voltydse personeel sien om na die plaas.

Die diewe het weggekom met miljoene Amerikaanse dollar, het Fraser getuig.

[Vertaal uit: *www.dailymaverick.co.za/article/2022-06-02-why-ramaphosa-apparently-kept-mum-about-multimillion-dollar-robbery-at-his-farm/*]

9.1 Het die publikasie hierdie misdaad korrek as roof geklassifiseer? (1)

9.2 Indien nie, watter misdaad of misdade is hier gepleeg? (2)

9.3 Staaf jou antwoord hier bo deur die definisie(s) van die misdaad of misdade wat jy in VRAAG 10.2 genoem het te vergelyk met die definisie van roof en die scenario in die bostaande artikel. (12)

[15]

VRAAG 10

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.



Terwyl hy saam met sy vriende gekuier het, het Justin agt biere en 12 sopies Tequila gedrink. Om 23:00 het hy uit die klub gesteier en in die bestuurdersitplek van sy motor geklim wat in die klub se parkeerarea geparkeer was. Hy het nie besef dat al vier bande van sy motor gesteel is en dat sy motor op bakstene gestaan het nie. Hy het die motor aangeskakel om te ry, maar het bo-oor die stuurwiel aan die slaap geraak terwyl die enjin geluier het.

10.1 Aan watter statutêre oortreding is Justin skuldig, indien hy enigsins skuldig is? (1)

10.2 Staaf jou antwoord deur na die volgende elemente te verwys:

10.2.1 Sit in die bestuurdersitplek van ’n voertuig terwyl die enjin loop (3)

10.2.2 Openbare pad (4)

10.2.3 Bewys dat Justin onder die invloed van drank of dwelms was terwyl hy bestuur het. (2)

[10]

VRAAG 11

Lees die volgende scenario en beantwoord die onderstaande vrae:



Costa, **Pete, Pule** en **Tumi** is lede van die misdaadbende Die Drake.

Om hul lojaliteit aan hul bendeleier te bewys, het **Costa** en **Pete** albei besluit om **King**, die leier van die opponerende bende, agter ’n taverne in hul woonbuurt wat gereeld deur **King** besoek is, te vermoor. Hulle het saam besluit dat **Costa** vir **King** teen die muur sal vasdruk terwyl **Pete** hom met ’n mes steek.

Hulle het nog ’n bendelid, **Tumi**, oorreed om in die taverne met **King** te flankeer, seker te maak dat hy baie drink en hom dan na buite agter die taverne te lok met die belofte van seks.

Op die aand van die moord het **Tumi** seker gemaak dat sy die hele aand met **King** dans en het hom groot hoeveelhede alkohol ingejaag. **Costa** en **Pete** het buite agter die taverne gewag.

Tumi het die dronk **King** na buite gelok waar **Costa** en **Pete** hom gegryp het. **Costa** het vir **King** teen die muur vasgepen terwyl **Pete** hom verskeie kere in die bors gesteek het.

Terselfdertyd het nog ’n klant, **Zola**, agter uitgegaan om vars lug te skep en gesien wat gebeur. **Zola** het lank reeds probleme met **King** gehad en sluit aan by die aanval nadat **King** reeds dodelik gewond was, maar voordat hy gesterf het. **Zola** het die gewonde **King** met ’n swaar klip oor die kop geslaan. **King** het aan die steekwonde beswyk.

Terug in die taverne het **Pete** die mes vir **Pule**, nog ’n bendelid, aangegee, wat dit huis toe geneem het, skoongemaak het en in ’n nabygeleë dam gegooi het.

Kopiereg voorbehou

Identifiseer die volgende deelnemers en staaf met verwysing na gemeenskaplike oogmerk, waar nodig.

11.1 Dader(s) (3)

11.2 Meedoener (3)

11.3 Medepligtige (3)

11.4 Begunstiger (3)

[12]

TOTAAL AFDELING C: 37
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou